Ook meldenswaardig was ingevoerde dubbeltuie uit Holland (die eiendom van Chris Schoeman van Pretoria) wat vir R16 000 deur Ockie Fourie van Nylstroom gekoop is.

Die groot teleurstelling op die veiling was ongetwyfeld die weiering van die eienaar van twee spogkoetse om hoë aanbiedings daarvoor te aanvaar. 'n Bieder vir die Ingwene Country Estate het die prys van 'n oorspronklike Landauer vergeefs tot by R65 000 opgejaag – net om later te verneem dat die verkoper dit eerder na Duitsland wil uitvoer.

Die volgende veiling van outydse rytuie is op 16 Junie op die Erfenisterrein.

Belangstellendes kan Daleen Boshoff van Bosveld en Erpo Afslaers by 014 597 2532 kontak. SAH

'n Bekende in die geledere van die Houtspeekvereniging, prof Erik Holm van Brits (links), en André van der Walt van Hartbeespoort by 'n deftige kapkar waarop 'n bod van R16 000 tydens die veiling op die Erfenisterrein toegeslaan is. André het die rytuig gerestoureer

Houtspeekmanne se planne

Die werksaamhede van die Houtspeekvereniging het in die afgelope jaar 'n nuwe dimensie verkry. Pleks van hoofsaaklik ou ambagte rondom die bou en herstel van trekdierrytuie by openbare geleenthede te demonstreer, gaan sy lede nou ook "skrywers" word.

Tydens 'n vergadering van dié vereniging by die VTM Erfenisterrein, suid van Pretoria, het prof Erik Holm ('n komiteelid) bekend gemaak dat lede besig is om 'n unieke publikasie saam te stel waarin ou ambagte in besonderhede beskryf sal word – vanaf wielkorting en sweepvleg tot selfs seepkook! Prof Holm wat 'n restoureerder van formaat is, is die redakteur van die boek en enigeen wat 'n bydrae daartoe wil maak, kan hom by 083 461 7629 kontak.

Die vereniging het ook 'n nuwe voorsitter gekry. Koot van der Ryst van Vorna Valley is verkies in die plek van Anton van der Linde wat hom tydelik in die buiteland bevind. Anton is egter steeds tot diens van die vereniging en is as ondervoorsitter verkies. Die sekretaresse is Elsabé van der Linde. Meer besonderhede oor hierdie organisasie kan verkry word by 083 250 4348 / 014 549 2048. SAH

Koot van der Ryst van Vorna Valley besig met sy "nuwelingstoespraak" nadat hy tot voorsitter van die Houtspeekvereniging verkies is